

1 Johannes 4:6

*Hieruit ken ons die Gees
van die waarheid en
die gees van die dwaling*

Redaksioneel

Waar die pad vurk

Die afgelope weke is daar in kerklike kringe heelwat gesprekke oor verskeie belangrike onderwerpe gevoer; onder andere oor die plek van die vrou in die kerk en die knelpunte rondom die 2001-Psalmomdigting. In die NG Kerk word daar tans 'n rapport oor homoseksualisme voorberei.

Hierdie gesprekke is hoofsaaklik teologies van aard. Dit beteken dat teoloë bymekaarkom en in die lig van die Skrif saam besin. Dit neem egter nie weg dat nie-teoloë, lidmate in die amp van gelowige, ook met dié sake besig is nie. Intendeel. 'n Menigte gelowige broeders en susters – jonk en oud – studeer en delf, vra en vind uit, praat en praat weer. So is dit reg. So moet dit wees. Die oomblik as kerklike agendas alleen maar sakelyste vir predikante en teologiese professore word, is die dood in die kerkpot. Die volk van God moet intens besig wees met die dinge van die Here. Gelowiges durf nie blindelings agter 'kerkleiers' aanloop, omdat hulle kwansuis die spesialis-kenners op die gebied van geloof en Bybel is nie. Die kudde van Christus moet onder die sorg van ampsdraers gesamentlik groei in geloof en liefde vir haar Eienaar.

In die proses van gesprekvoering en besinning is daar talle voetangels. Al te maklik word die aandag vanaf hoofsaak na bysaak afgelei. Of daar word gekyk na wíé praat, in stede om onbevange te luister wát gesê word. Omdat gesprekke oor belangrike onderwerpe die hart van ons gelowige bestaan raak, is dit te begrype dat deelnemers aan die debatte by tye vurig kan raak. Dit wil voorkom asof daar hier en daar 'oorlog in die kerkbanke' (met erkenning aan die boek van F Martin *War in the Pews*) is. Die gevaar is dat gesprekke sodanig vurig raak, dat emosie die denke oorheers.

Dié gevaar is nie denkbeeldig nie. Emosie verskuif die fokus van die inhoud van die saak tot die vraag 'hoe word ek deur die saak geraak?' Byvoorbeeld: iemand maak 'n stelling waarmee die luisteraar nie saamstem nie. Onmiddellik word die stelling persoonlik opgeneem. Op grond van die persoonlike aantrek van die stelling word die inhoud van die stelling nie na behore ondersoek nie. Die maker van die stelling word summier veroordeel en as hardvogtig en betersweterig afgemaak. Daar ontstaan 'n dooie punt; as dit nie oorkom word nie, 'n breuk.

Die pad vurk op grond van aannames en loop net daar en

dan uitmekaar. Dit is 'n tragiese werklikheid. As daar op so 'n emosionele basis in die kerke met sake gewerk word, kan daar geen vordering kom nie. Uitsprake soos 'met dit wat jy sê, trek jy my geloof in Christus in twyfel en stuur jy my hel toe' dien nie tot opbou nie, en strek hoegenaamd nie tot eer van God nie.

Die remedie vir so 'n toestand is eenvoudig. Nie maklik nie, maar wel eenvoudig. As gelowiges word ons geroep om mekaar onbevange aan te hoor. Sonder om aannames te maak en tot eie gevolgtrekkings te kom waartoe die ander party in die gesprek nie kom nie, moet daar deurgedring word tot die kern van die saak op tafel. Dit verg eerlike luister na mekaar. Dit verg ook 'n duidelike en helder praatstyl. Sonder om wollerig te wees, moet dit wat voorgestaan word in maklik verstaanbare terme gestel word. Die hoorder moenie wonder oor wat presies bedoel word nie.

Waar dit kom by duidelik praat en rustig uitluister, besef 'n mens die onmisbaarheid en wonder van die Gees se werking in die lewe van die gelowige. Die Gees deurboor ons ore om te hoor (Psalm 40). Die Gees beheers die tong (Jakobus 3). Die Gees bewaar die gemeenskap

INHOUD

1 Redaksioneel
Waar die pad vurk

2 Skrifoorndenking
Vrymoedigheid deur Christus alleen
Ds P van Wyk

4 Kerkerf
Die Messiasverwachting en prediking uit die Ou Testament
Ds HLJ Momberg

6 Fokus
Kulturele logika of logiese kultuur
Dr ALA Buys

10 Studiebiblioteek

10 Koninkryk
Free Reformed Churches of Australia – FRCA (2)
GM Spyker

12 Persskou
Nog 'n sakkie aartappels
Dr GJ Meijer

van gelowiges daarvan om nie ligtelik te praat, ligtelik te luister en ligtelik te (ver)oordeel nie.

Die remedie is inderdaad eenvoudig. Langs die weg van duidelike standpuntstelling en intense luister sal daar vasgestel

kan word waar die pad werklik virk. Waar loop die gedagtes uitmekaar, en waarom? Wat kan gedoen word om mekaar in gehoorsaamheid aan die Here te vind? Per slot van sake wil niemand in die geloofsgemeenskap sien dat die pad moet virk nie. Die

woorde van Psalm 133 moet gestalte kry: 'Kyk, hoe goed en hoe lieflik is dit dat broers ook saamwoon!' Die bedoeling is dat *Waarheid en Dwaling* 'n bydrae in dié verband sal lewer.

GJM

Skrifoordenking

Ds P van Wyk, Pretoria-Noord

Vrymoedigheid deur Christus alleen

Lees: Hebreërs 10:19-39

Terwyl ons dan, broeders, vrymoedigheid het om in die heiligdom in te gaan deur die bloed van Jesus (vers 19) ... Werp dan julle vrymoedigheid, wat 'n groot beloning het, nie weg nie (vers 35).

Een van die stelreëls van die Reformasie was: 'Christus alleen!' Alleen deur Hom is daar vir die sondaarmens redding. Die Roomse Kerk waarteen die reformatore in opstand gekom het, het – bo en behalwe geloof in Christus – die goeie werke as noodsaaklik vir redding gevoeg. In Hebreërs 10 word duidelik gewys wat Christus ten opsigte van ons redding gedoen het.

Die preek-brief aan die Hebreërs bestaan uit twee dele. Eers is leerstellig oor die Hoëpriesterskap en offer van Christus gehandel. Vanaf hoofstuk 10:19 verduidelik die prediker wat Christus se offer vir die gelowige beteken.

Wie die skrywer van die preek aan die Hebreërs was, weet ons nie. Ons weet egter dat hy die preek as brief aan christene uit die Jodedom geskryf het. Hulle dreig – en hulle lewens toon alreeds die tekens daarvan – om van die christelike geloof af te val. Daarom word aan hulle gepreek dat die Joodse geloof met sy gebruike en seremonies uitgedien is. Hulle moet aan 'n nuwe hoop vashou.

Vers 19 staan in skerp teenstelling met die Joodse opvatting. Volgens die Jode mag niemand die heiligdom van die tempel ingaan nie. Die deure van die heiligdom was vir die gewone man gesluit, en alleen oop vir die priesters. So was dit inderdaad op bevel van God in die ou bedeling. Maar in die nuwe bedeling het almal die reg om by die heiligdom in te gaan. Jesus het aan die gelowige die reg verleen deur sy offer wat Hy gebring het. Die heiligdom wat ons nou betree, is die hemelse heiligdom. Daarheen het die heiligdom van die tempel gewys. Die skrywer verduidelik dat elke gelowige vrye toegang het om in die nabyheid en gemeenskap met God die Vader te verkeer. Deur sy soenverdienste het Christus die deur tussen God en ons, wat as gevolg van sonde toegesluit was, weer oopgemaak.

In vers 35 word die lesers vermaan om met geloofsvertroue van hierdie wonderlike voorreg gebruik te maak. God sal sodanige geloofsvertroue dan ook beloon.

In verse 19 en 35 kom die volgende sake aan die orde:

- Ons het vrymoedigheid om in die heiligdom in te gaan.
- Die vermaning: maak met vrymoedigheid van hierdie voorreg gebruik.
- God beloon sodanige vrymoedigheid.

Vrymoedigheid tot die heiligdom

Elke gelowige het die voorreg om in die heiligdom in te gaan. Vers 19: 'Terwyl ons dan, broeders, vrymoedigheid het om in die heiligdom in te gaan deur die bloed van Jesus'. Vers 35: 'Werp dan julle vrymoedigheid, wat 'n groot beloning het nie weg nie'.

Daar is 'n betekenisonderskeid tussen die woord 'vrymoedigheid' in die twee verse. In vers 19 is dit iets wat van buite aan ons gegee word. Dit is 'n gunstige geleentheid, vrye toegang wat aan ons gebied word. Vrymoedigheid was in die Griekse politieke wêreld gebruik as die reg om iets te sê. Ons ken dit vandag as vryheid van spraak. Dit was vir 'n persoon 'n voorreg om sodanige vrymoedigheid te hê. As hy daarvoor kwalifiseer, was dit 'n reg waarop hy kon aanspraak maak. In die alledaagse lewe is vrymoedigheid ook vir 'vryheid' gebruik. Die persoon kon gaan waar hy wou. In vers 19 kom hierdie betekenis van vrymoedigheid uit. Ons het vrye, ongeblokkeerde toegang tot die heiligdom. Dit is 'n voorreg wat van buite, deur die bloed van Christus aan ons gegee is. Omdat ons hierdie besondere voorreg het, is dit ook 'n genadereg waarop ons aanspraak kan maak.

In vers 35 kom die ander betekenis van vrymoedigheid na vore. Dáár het dit die betekenis van 'n vrymoedige gevoel van

binne. As gevolg van die gunstige geleentheid tot toetreding, het ons die vrymoedigheid in ons harte om daarvan gebruik te maak. Geloofsvertroue is die gesindheid waarmee ons van die voorreg gebruik moet maak. Byvoorbeeld: Goeie huisvriende bied aan jou die gunstige geleentheid om enige tyd by hulle om hulp aan te klop. 'Ons deur staan altyd vir jou oop', is die uitnodiging. Weens hierdie uitnodiging tot vrye toegang, het jy ook die innerlike vrymoedigheid om van die gunstige geleentheid gebruik te maak. Dié innerlike vrymoedigheid laat jou van die geleentheid gebruik maak. Daarom word in vers 35 'n dringende oproep gehoor: 'Werp dan julle vrymoedigheid ... nie weg nie'. Slegs deur geloofsvertroue kan ons van die vrye toegang tot die heiligdom gebruik maak.

Die tempel het uit die voorhof, die heilige en die allerheiligste bestaan. In die allerheiligste was die verbondsark wat die teenwoordigheid van God afgebeeld het. Die voorhangsel het die toegang na die allerheiligste versper. Die voorhangsel dien as beeld om die skeiding tussen sondaarmense en God in sy hemelse woning aan te dui. Een maal per jaar het die hoëpriester as verteenwoordiger van die volk tot God in die allerheiligste genader. Hy het 'n offer vir die volk se sondes gebring.

Nou hoef geen mens meer vir ons die heiligdom in te gaan nie. Ons het 'n groot Priester wat met sy eenmalige offer die voorhangsel laat skeur het. So is die weg vir ons geopen dat ons self tot God kan nader en in gemeenskap met Hom kan verkeer. Ons het vrye toegang op 'n nuwe en lewendige weg. Jesus het hierdie weg vir ons gebaan. Hy sê: 'Ek is die weg en die waarheid en die lewe; niemand kom na die Vader behalwe deur My nie' (Johannes 14:6).

Die weg is nuut. Nuut het die betekenis van 'vars geslag'. Dit is die offer wat nou net geslag is. Hierdie is 'n verwysing na die offer van Christus. Sy offer word nooit oud nie en gaan nooit tot niet nie. Dit geld vir al die gelowiges deur al die eeue heen. Die weg is ook

lewend. Dit is gedurig aktief besig om elke gelowige na sy bestemming te bring. Die bestemming is die gemeenskap met die lewendige God. Waar sonde die kosbare gemeenskap met God verbreek, voer Christus ons na die hoogste einddoel: volle gemeenskap met die Vader.

Die geskeurde voorhangsel is ook teken van Christus se gebreekte liggaam. Deur sy dood het Christus die skeiding tussen God en sy volk opgehef. Daar is geen skeiding meer nie, maar vrye toegang om na God te gaan. Alleen deur Christus!

Op grond hiervan spoor die skrywer tot drie dinge aan:

- Laat ons toetree.
- Laat ons die belydenis van die hoop onwankelbaar vashou.
- Laat ons op mekaar ag gee.

Hoe nader ons tot God? Hy is tog in die hemel en ons op die aarde! Dit doen ons nou in die gebed, maar ééndag sal ons in die hemelse heiligdom volkome gemeenskap met Hom ervaar. Intussen is die gebed 'n wonderlike gawe. En dit is nodig om te bid. Wanneer ons tot God in die gebed nader, moet dit wees met 'n opregte hart, met volle geloofsekerheid, met harte wat gereinig is van 'n skuldige gewete en met die besef dat ek skoongewas is met die bloed van Christus. Die tweede aansporing is dat ons *styf moet vashou aan die belydenis van ons hoop*. Hierdie belydenis moet ons soos 'n kosbare pèrel vashou, want daarin bely ons dat God sy beloftes sal uitvoer. Die laaste aansporing is dat ons in liefde *na mekaar moet omsien*. Dit het veral met die gemeente se byeenkomste te doen. Niemand mag daarvan wegbly nie. Ons moet mekaar tot getroue erediensbywoning aanspoor.

Maak gebruik!

Met hierdie woorde sê die skrywer: 'Ek het nou net aan julle verduidelik watter wonderlike geleentheid julle het om in die heiligdom in te gaan en met God gemeenskap te ervaar. Maak met vrymoedigheid van die geleentheid gebruik!'

Die oorspronklike lesers dreig om weer in die Jodedom terug te val. Aanvanklik – toe hulle christene geword het – is hulle vervolgd, gesmaad, wreed gemartel en openlik bespot. Hulle het egter in die geloof volhard! Nou beleef hulle 'n periode van rus. Dit het verslapping in die geloof veroorsaak.

Is dit nie maar met die kerk van vandag ook die geval nie? Tydens die kerkhervorming van die 16de eeu het die mense blydskap geken en hulle in die Bybel verdiep. Vandag word die kerk nie in Suid-Afrika vervolgd nie, maar 'n groot verslapping het ingetree. God se Woord word verdraai om by die mens aan te pas. 'Moenie julle vrymoedigheid prysgee nie! Onthou die vorige dae toe julle ondanks baie lyding nogtans staande gebly het. Julle kan! Volhard!' Dit is wat die skrywer aan sy lesers, ons ingesluit, preek.

Hoe moet ons aan die vrymoedigheid vashou? Met geloofsvolharding! Vir elkeen wat volhard in die stryd is daar beloning.

God beloon sodanige vrymoedigheid

Elkeen sal 'n genadeloon ontvang. Ons kan nie op die beloning aanspraak maak nie, al het ons in die stryd volhard. Dit is net genade, want dit is deur die krag van God se Gees wat ons kon volhard.

Wat is hierdie beloning? Om in die heiligdom in te gaan en God se gemeenskap te kan ervaar. Hierdie is 'n lewe in saligheid, want ons is by God. In Openbaring 21:7 belowe Christus: 'Hy wat oorwin, sal alles beërwe; en Ek sal vir hom 'n God wees, en hy sal vir My 'n seun wees'. Dan sal die Vader sy kinders vertrou. Geen droefheid, geen dood, lyding en moeite meer nie. Waar God is, is daar vreugde en lewe.

Hieraan het ek deel! Geen beloning kan groter wees as dit nie. Alleen deur Christus het ons vrye toegang tot die heiligdom. Bewandel met vrymoedigheid die nuwe en lewendige weg. Daar is 'n heerlike en ryk beloning.

Die Messiasverwagting en prediking uit die Ou Testament

In 'n artikel wat *In die Skriflig*¹ gepubliseer is gaan prof HF van Rooy in op 'n debat insake die Messiaanse interpretasie van die Ou Testament. Die debat waarop prof Van Rooy die aandag vestig handel in besonder oor die 1983 Afrikaanse Bybelvertaling, asook die 2001-Psalmmomdigting. In dié artikel sluit hy tot 'n mate aan by 'n ander artikel wat hy in 2004 in die *Hervormde Teologiese Studies* laat verskyn het². Hy wil opnuut 'n teoretiese antwoord ten aansien van die debat gee en dan ook 'n praktiese illustrasie daarvan aan die hand van die profesie van Haggai gee.

As agtergrond

Prof Van Rooy gee eers iets oor die verloop van die debat weer – hoe verskeie persone hulle standpunte verwoord het. Die saak het ook reeds verskeie kere by die Nasionale Sinode van die GKSA gedien. Hy gaan hoofsaaklik verder in op die uitspraak van die sinode oor spesifieke besware wat teen die 1983-vertaling asook die 2001-Omdigting geopper is, naamlik dat die vertalers/omdigters, betreffende die Messiaanse verkondiging uit die Ou-Testamentiese Bronteks, van spesifieke leerstellige uitgangspunte uitgegaan het. Dit het daarin uitgespeel dat hulle die Ou-Testamentiese teks (veral op sekere spesifieke plekke) ont-Messianiseerd weergegee het. Twee uitdruklike klagtes teen die leerstellige uitgangspunte van die vertalers/omdigters word verwoord:

- Die Messiaanse verkondiging van die Ou-Testamentiese tekste word sodanig omgekeer asof dit eers later Messiaans sou geword het, en nie van die begin af Messiaans bedoel was nie (GKSA, 2003:119).

- Die Messiaanse karakter van 'n Ou Testamentiese gedeelte word verkeerdlik as 'n saak van interpretasie beskou, want dit behoort eerder aanvaar te word (GKSA, 2003:119).

Die verantwoordig van die sinode word ook weergegee: 'dat verskeie tekste in die Ou Testament 'n eerste vervulling het wat nie Messiaans is nie' met die voorbeeld van Jesaja 7:14 (GKSA, 2003:131). Baie van die tekste wat tradisioneel as Messiaans beskou is, is nie noodwendig in hulle oorspronklike konteks Messiaans nie. In die weergegee van sodanige tekste op 'n uitdruklik-Messiaanse wyse het ook die 1933/1953-vertaling nie oral konsekwent gehandel nie (GKSA, 2003:133).

Reaksie

Die reël om alle tekste waarop die Nuwe Testament hom as Messiaanse tekste beroep met hoofletters by die Ou Testament aan te dui is in die verlede nie konsekwent uitgevoer nie. Dit is onmoontlik om dit in alle gevalle taalkundig konsekwent te volg. Hierin moet met die vertaalkundiges en die Sinode ingestem word. Verder moet ons daarmee instem dat sodanige aanduidings nie net op een metode, naamlik deur van hoofletters gebruik te maak, weergegee kan word nie. Die problematiek van die toepassing van so 'n reël mag egter nie met ongeldige argumente afgewys word nie. Veral vir vandag se Bybellesers is dit van opvoedkundige belang om wel op een of ander wyse aan te dui hoe die verdere Messiaanse vervulling van die Ou-Testamentiese tekste in die res van die Ou Testament asook in die Nuwe Testament met aanhaling daarvan, aangewys word. Hierdie reël is egter nie slegs vir die Messiaanse strekking van die

Psalms ter sprake nie, maar geld vir alle aspekte – byvoorbeeld ook die eskatologiese aspekte soos wat die Nuwe-Testamentiese skrywers dit vanuit die Psalms onthul. Daarby – waar dit blyk dat die omdig-teks hierdie aspekte nie tot so 'n mate bevat dat die verwysbaarheid daarvan teruggevind kan word nie, kan die tekortkoming wel verstaan word. Dit beteken egter nie dat dit aanvaar word nie.

Die probleem wat hom in die huidige debat afspeel, en wat in die betrokke artikel beredeneer word, is daarom nie soseer die tegniese vertaalkundige weergawe van die Ou-Testamentiese teks nie, maar veral die onderliggende motiverings wat gegee word vir die weergawe daarvan. Dit het 'n leerstellige ondertoon. Sodra die leerstellige beskouing op die teks van die Ou Testament uitgeklaar is, kan daar – en moet daar – verder besin word oor die beste wyse waarop dit in Afrikaans vertaal/omgedig word.

Leerstellig: Is Christus in die Ou Testament?

Van sy leerstellige beskouing oor die Messiaanse karakter van die Ou-Testamentiese teks, gee Van Rooy teoreties rekenskap in punte 2.3 en 4 van sy artikel. Hy maak dit veral van toepassing in die teologiese dissipline Homiletiek. Die saak fokus vir hom in die debat op die verhouding tussen die Ou en Nuwe Testamente. Nadat hy die Goddelike gesag asook die eenheid van die Ou en Nuwe Testamente saam met Bright, Helberg en Snyman as riglyne deurgee (4.1 en 4.2), bespreek hy in 4.3 die belangrike riglyn dat met die Ou Testament in sy oorspronklike konteks begin moet word, in die eksegese en prediking van die Ou Testament. Terwyl die riglyn op

1 In die Skriflig 39(3) 2005:615-630

2 Vergelyk vir 'n bespreking van die artikel Waarheid en Dwaling, Januarie 2007

sigself – hoewel onvolledig – korrek is, gaan die paaie uiteen wanneer bely word wat juis die genoegsame inhoud van die ‘oorspronklike konteks’ van die Ou Testament is waarby in die eksegetiese begin moet word.

Spesifiek betreffende Christus, as reële deel van die ‘oorspronklike konteks’, skryf Van Rooy:

- Dit is nie geregverdig om Christus of ‘n christelike betekenis in die Ou Testament in te lees vanuit die Nuwe Testament nie (vgl Bright, 1977:203).
- Die Ou Testament het alreeds ‘n duidelike boodskap gehad vir die mense van sy tyd, vóór die koms van Christus of die ontstaan van die Nuwe Testament. Daardie boodskap moet eers vasgestel word voordat na die Nuwe Testament beweeg word. Wanneer te maklik uitgegaan word van die Nuwe-Testamentiese gebruik van ‘n teks uit die Ou Testament, word die eie stem van die Ou Testament onderdruk.
- Die Ou Testament moet in die eerste plek met sy eie stem spreek, selfs al beteken dit dat ons gedeeltes anders moet interpreteer as wat die skrywers van die Nuwe Testament doen (Anderson 1999:10).
- Bright (1977:200) stel dit treffend, naamlik dat die Ou Testament in twee rigtings gelees moet word: eers vorentoe in sy eenvoudige historiese betekenis, en dan weer terug in die lig van die Nuwe Testament. Wanneer ‘n mens dit doen, sien jy hoe die hele Ou Testament in Christus saamtrek en vermy jy die versoeking om net op direk-Messiaanse uitsprake te konsentreer.

Reaksie

Bogenoemde opmerkings laat die duidelike indruk dat Van Rooy die reële teenwoordigheid en spesifieke rol van (die komende) Christus in die totstandkoming van die Ou-Testamentiese teks, binne sy direkte historiese konteks met die openbaringsbedoelings daarvan, nie ag nie. Dit is die leerstellige punt waar die paaie uiteengaan.

Omdat Christus self nie regstreeks deel daarvan sou wees nie, en Hy nie destyds Homself reeds daarin sou verkondig het nie, is dit nie geregverdig om Hom daar ‘in te lees’ nie. Selfs al moet ons dit anders interpreteer as wat die skrywers van die Nuwe Testament doen, moet ons gaan soek na die ‘eie’ boodskap wat die Ou Testament reeds vir die mense van sy tyd sou gehad het. Anders onderdruk ons die stem van die Ou Testament. Hier sluit hy tot ‘n mate aan by die beredenering van die sinode (Acta, 2003, 131): ‘Dit kan die Ou-Testamentiese teks geweld aandoen om

die meerdere verstaanspotensiaal wat in ‘n teks geleë is, weg te neem deur

dit primêr as Messiaans aan te toon’. Ons kry Christus blykbaar eers later, wanneer ons die Ou Testament in sy eenvoudige historiese betekenis vorentoe lees (‘n siening wat ooreenkom met die sogenaamde akkommodasie-teorie).

Van Rooy se siening kom hier voor ernstige soekvrae te staan:

- As Christus Homself nie in en deur die Ou-Testamentiese teks – ook in die totstandkoming daarvan – openbaar nie, mag ons dan enigsins die Ou Testament aan die Nuwe-Testamentiese gemeente verkondig?
- Op watter stadium mag ons in die homiletiese uitwerk van die teks Hom vanuit die teks verkondig sonder om Hom daarin te lees?
- Gedagtig aan die waarskuwing dat ons nie by God se Woord mag byvoeg of weglaat nie, mag ons dan in waarheid Hom daaruit verkondig as Hy nie Homself daarin laat verkondig het nie?
- Het die Nuwe-Testamentiese skrywers nie geregverdig met die Ou Testament gehandel toe hulle die Ou-Testamentiese geskifte as openbaring van Christus met ‘n christelike betekenis verkondig het nie?
- Het die Nuwe-Testamentiese skrywers deur hulle Christologiese verkondiging van die Ou Testament die eie boodskap van die Ou Testament onderdruk,

sodat ons dit selfs ‘anders moet interpreteer’ as wat die Nuwe-Testamentiese skrywers dit gedoen het?

Die gevaar van hierdie uitgangspunt oor die teks van die Ou Testament is dat ‘n mens die werklikheid buite rekening laat dat Christus as die Seun van God, in sy pre-eksistensie (Johannes 1:1-3) die groot Bron en Oorsaak is van sowel die omstandighede en die beleving van die menslike outeurs van die Ou Testament en uiteindelik selfs van die Woorde wat hulle geuiter het en wat opgeteken is.

Volgens die Bybel

- het Christus die voorafgaande tye en die geleentheid gereël/ administreer wat met sy koms in vervulling gegaan het (Efesiërs 1:7-10).
- is dit sy Gees wat as eintlike Outeur, deur die profete aangaande sy koms en sy werk geprofeteer het (1 Petrus 1:11).
- is dit die Gees wat die heilige mense gedryf het (2 Petrus 1:19-21) om van die môrester te profeteer.

In aansluiting hierby kan ‘n mens slegs die a-Messiaanse beskouing van die Ou-Testamentiese teks voorstaan as jy die feit buite rekening laat dat die Nuwe-Testamentiese openbaring Goddelike gesagvolle data wat daar reeds in die Ou-Testamentiese teks aanwesig was, onthul het deur die sluier van onkunde waarmee die Ou-Testamentiese gelowiges daarna gekyk het af te haal. ‘Maar hulle sinne is verhard. Want tot vandag toe bly by die lesing van die Ou Testament dieselfde bedekking sonder dat dit opgelig word, die bedekking wat in Christus vernietig word. Ja, tot vandag toe, wanneer Moses gelees word, lê daar ‘n bedekking oor hulle hart; maar wanneer hulle tot die Here bekeer is, word die bedekking weggeneem’ (2 Korintiërs 3:14-16).

Wie die eenheid tussen die Ou Testament en die Nuwe Testament bely en aanvaar, kan nie en mag nie die Ou Testament meer behandel asof dit ‘n boek is wat in homself afgesluit is nie. Ook nie asof dit

'n boek is waarvan die inhoud en betekenis slegs tot sy direkte historiese konteks beperk is nie. Ook nie asof die Ou Testament 'n eie stem het wat deur die Nuwe Testament onderdruk kan word nie. Soveel te meer as ons aanvaar dat dit presies dieselfde eintlike Outeur is van die Ou Testament wat sy eie Ou-Testamentiese Openbaring deur die Nuwe-Testamentiese gegewens nader en duideliker verklaar (Hebreërs 1:1). Ons aanvaar nie dat die Ou Testament en die Nuwe Testament elkeen hulle 'eie' stemme het nie, maar ons luister na die een stem van God. Die Nuwe Testament onthul aan ons dat God in sy alwysheid veel meer inhoud aan die Ou-Testamentiese teks gegee het as die eenvoudige historiese betekenis daarvan; meer as net die eerste vervullings daarvan, meer as die gesluisde manier waarop die lesers van die Ou Testament – selfs die profete dit verstaan het. 'Aan hulle is geopenbaar dat hulle nie vir hulleself nie, maar vir ons dié dinge bedien het wat julle nou aangekondig is deur dié wat die evangelie aan julle verkondig het in die Heilige Gees wat van die hemel gestuur is – dinge waarin die engele begerig is om in te sien' (1 Petrus 1:12). Deur hierdie nadere onthulling van die Nuwe Testament nie by te reken in verkondiging, vertaling of omdigting van die Ou Testament nie, is nie alleen onbybels nie, maar dit is ook onwetenskaplik.

Egte wetenskap neem altyd behoorlik rekening met die volledige ontwikkeling en onthulling van

inligting wat daar oor die bepaalde wetenskapsveld plaasgevind het. Behalwe dat die Here Jesus die Messias self is, en die ewige Seun van God wat waarlik Goddelike gesag het om te kan sê wat sy eie Woord beteken, en behalwe dat die Nuwe-Testamentiese skrywers geïnspireerde getuies was van die Here Jesus, was hulle ook in die ware sin van die woord egte Ou-Testamentici. Dit is onwetenskaplik om hulle werk buite rekening te laat. Erger; dit is so goed as om die Heilige Gees te wil korrigeer as ons 'n stelling as riglyn gee wat lui: Die Ou Testament moet in die eerste plek met sy eie stem spreek, selfs al beteken dit dat ons gedeeltes anders moet interpreteer as wat die skrywers van die Nuwe Testament doen (Anderson 1999:10). In werklikheid is ons alleen geroepe om die allerbeste wyse te vind hoe ons die Nuwe Testamentiese skrywers se werk kan begryp, om ons te verwonder aan die uitnemende wyse waarop hulle wel die Ou Testament in sy direkte historiese kontekste verreken het, Christus self daarin ontdek het en dit aan die mense van hulle tyd sorgvuldig geleer het, sodat selfs die eenvoudige gelowiges dit verstaan en hulle geïnspireerde ontdekkings bely en nagespreek het.

Slot

Tot sover betreffende die teologiese antwoord wat die adviseur van die projek van die omdigting van die Psalms gee teenoor die klag dat die Messiaanse verkondiging

uit die Psalms verwyder is. Per implikasie is sy antwoord dat die omdigters nie die Messias daaruit verwyder het nie, eintlik kón hulle Hom nie daaruit verwyder nie, want eintlik wás Hy 'oorspronklik' nie daarin nie! Dit is die leerstellige beskouing van die Skrifte van die Ou Testament waarteen die klagtes by die verskillende afgelepe sinodes en in die kerke aangebied word. Ons moet goed rekening hou met die verreikende implikasies as ons sê dat die meeste tekste waarop die Nuwe Testament hom as Messiaanse tekste beroep, nie oorspronklik Messiaans was nie. Die ontkenning van die oorspronklike en wesentlike Messiaanse strekking van die Ou-Testamentiese teks, en veral die ontkenning van die direkte betrokkenheid van die Messias in die totstandkoming van die Ou-Testamentiese teks sodat dit juis Hom verkondig, dra wrang vrugte wanneer 'n dominee die teks van die Ou Testament moet preek. Hy moet dan allerhande grepe op die teks toepas. Hy moet dit dan 'herinterpreteer' totdat hy Christus daaruit verkondig kry. Omdat Christus nie daarin is nie, moet die dominee tematiese spronge en grepe maak totdat hy vanuit ander Nuwe-Testamentiese tekste tog eindelijk vir Christus (op ander plekke as die Ou-Testamentiese teks self) ontmoet. Hy moet gaan soek hoe Christus die boodskap van die Ou-Testamentiese teks op Homself akkommodeer/toepas. In die volgende artikel sal ons daarby uitkom wat prof Van Rooy voorstel hoe die prediker dit kan regkry.

Fokus

Dr ALA Buys, Pietersburg-Noord

Kulturele logika of logiese kultuur?

Jou buurman slag 'n bok in jou ou dorp met sy nuwe naam. Jy wil met jou braaitang nader staan, maar in jou kultuur moet 'n man bring as jy wil braai. En jy het nie 'n bok vir die sports nie. Jy bel die higiëne-departement. Die man met die

wit jas kom. Hy sê hy verstaan die bok-offer. Dit is vir die voor af vaders. Dit is kultuur. Dit is gebed. Dit is sakrament. Dit is heilig en die brommers pla nie. Alles het sy plek. Dit is tog kultureel so logies. Hulle pla mos nie by die nagmaal se wit

tafeldoek sonder vlieë nie. En daar is mos 'n bordjie op: kerk - stilte.

Kulturele pluralisme soek jy later in die woordeboek op. Jy koop nog steeds nie 'n bok nie – nie eers een vir Asasel nie. Jy wonder hoe

proe so 'n bok? Soos 'n lam ter slagting? Jy meet om die heining bietjie hoër te maak, en wonder of die Australiërs ook bok eet. Miskien is die Wes-Kaap nie so gewend aan bok nie. Jy verlang na jou vorige vurige buurman met sy raserige enjin, sy boep en selfs sy frokkie. Sy blêrbok musiek kon jy na twaalf darem laat stilmaak. Daar was nie 'n bloederige bokslagtery nie. Daar was netjies reëls en regulasies vir sulke goed. Logiese gesondheids- en gesonde logiese kulturele reëls.

Wat is logies?

Wat is logies in 'n kultuur? Dit kan dalk nog demokraties bepaal word. Maar wat is logies in kulture? Waarop kan jy jou beroep as daar verskillende interpretasies van logika is? Kan 'n mens regtig praat van 'n kulturele logika? Wat is algemeen menslik, wat is vir die meeste aanvaarbaar, wat is die rede¹-like mens, wat is algemene kulturele kennis, wat is meer en minder geldig? Solank jy binne 'n geslote kulturele sisteem beweeg is dié vrae, alhoewel hulle nie onafwesig is nie, nie so op die oppervlak nie. Dié soort vrae was nog maar altyd daar. Die ou Grieke het gepoog om logies te wees deur van hulleself as beskaafd te praat en die 'ander' as barbare.

Eendag daag post-moderne hermeneutiek² mos toe op – 'n verstaan van die wêreld wat lyk of dit die sleutel vir algemeen menslike verstaan kan bring deur te sê: Niemand is beskaafd en niemand is barbaars, want woorde wys weg van mekaar af. Vir die een is god juis afgod, vir die ander is sy reg juis die ander se onreg. Ons is mooi netjies verby apartheid. Bebieg, belieg en voetgewas en al. Almal, so sê amper almal, is mos gelyk. My kulturele goed is net so swaar, of net so lig-sin-nig, as jou kulturele goed. As ek 'n bees wil slag om my te reinig na my onregverdige tronkstraf dan moet die DBV maar trustaan. My kultuur het nie sin in homself nie, want daarvoor sou 'n basis-sin, 'n basis-woord, 'n oer-

logos, 'n oer-rede, 'n oorspronklike samevatting van alle dinge wees. Die werklikheid sou dan werklik 'n éénheid moes wees. Almal weet post-modernisties dit is mos nou on-sin om so te praat. My kultuur het nie sin in homself nie. Ek skep vir my sin. Ek skryf my wordingsgeskiedenis met mites. Ek maak myself vir myself en ander verstaanbaar deur simbole.

Woorde is betekenisloos

Toegepas op die kultuurvraag³ beteken dit dat daar 'n groot eksperiment begin is: wat as niemand reg of verkeerd is nie? Wat as woorde nie regtig logiese betekenis het nie, maar dat betekenis aan woorde per ooreengekome afspraak gegee word? Dan moet daar mos wedersydse begrip kom, en verdraagsaamheid en aanvaarding en uitruiling van idees en kruisbestuiwing van begrippe.

Westerse siekte

So was die plan wat in die Weste bedink is. Filosofies word die tydperk ingelei deur veral Heidegger⁴ en later gepopulariseer deur Derrida en andere. Dit is die tydperk waar van *logos*-sentrisme af wegbeweeg is – met ander woorde dat alle betekenis regtig met anderssoortige woorde-likse gebruik saamhang. In kort kom dit op die volgende neer: woorde het nie betekenis nie, *dus* die Woord het ook nie betekenis nie.

Al wat oorbly is my inkleuring, my interpretasie, my ver-beelding van die werklikheid. Maar dié werklikheid bestaan nie. 'n Werklikheid dalk, maar geen een ware werklikheid nie. Die kultuur-konflik is 'n lakmoes-toets vir die post-moderne hermeneutiek. Dié hermeneutiek wat wêg wysend, maar nooit áfwysend praat nie. Die diepste (on)sin van post-moderne hermeneutiek is dat dit beweer dat iets nooit enige ware betekenis in homself het nie. Vandaar die mantra: woorde het nie betekenis nie. Betekenis word kinderspel.

Be-teken-is word nou simbolies saamgestel uit wat die 'tekens' alles nie beteken nie. As die brood en die wynbeker vir my die tekens van die enigste twee sakramente is, dan dra dit – volgens die logika van die post-moderne hermeneutiek – dieselfde waarde of geldigheid as enige ander godsdienstige groep se simboliese uiting in hulle tekens. Dus: om 'n bok te slag, is my teken dat ek my voorvaders eer, dit is my teken van respek, dit is my gebed. Woorde, en dan dáde seker ook, het nie betekenis in hulleself nie. Jou brood en my bok en daar lê die ding, want *we are all marching to Tshwane*. Kulturele goed is niemandsland én allemansgoed – tegelykertyd.

Die Woord ook betekenisloos?

Post-moderne hermeneute is die profete wat sê woorde het nie betekenis nie, ook julle kerklike belydeniswoorde oor die Woord. Al haal julle Johannes 1 aan wat sê: 'In die begin was die Woord, en die Woord was by God en die Woord was God' – selfs dít is 'n kulturele stelling en nie 'n basis-vertrekpunt nie. As die Woord nie regtig in die begin daar was nie – want hoe weet 'n mens dit nou sosio-histories, en wetenskaplik kan dit buitendien mos nie bepaal word nie – dan is alle betekenis, ook woorde se betekenis, nie van dié Woord afhanklik nie. So het die post-moderne profete hulle tekens as tekens⁵ in die erediens opgestel.

Doodsklok

Toe vlieg twee vliegtuie in die *World Trade Center* vas en dit lui die doodsklok vir die post-modernisme in. Post-moderne hermeneuse – soos dwarsdeur die Weste gepropageer en geprofeteer – kon dié optrede nie verklaar nie. Dit is, ná Auschwitz, mos logies dat 'n mens nie in 'n ander se geboue vasvlieg net omdat hy anders as jy glo nie. Tot hulle van 'n ander basis-logika hoor: die logika van 'n ander kultuur wat sê jy is 'n bewonderbare martelaar as jy so vir jou geloof sterf

1 'Rede' se stamwoord is logos, waarvan logika kom.

2 Die wetenskap wat hom besig hou met die vraag hoe die mens kom om iets te verstaan, hoe die mens tot kennis kom.

3 Kultuur word hier in sy breedste sin opgeneem as die verwerkende handeling van die mens ten opsigte van die skepping.

4 Dit val nie binne die bestek van die artikel om besonderhede hieroor weer te gee nie.

5 'U teëstanders het binne-in u vergaderplek gebrul; hulle het hulle tekens as tekens gestel ... Ons sien nie ons tekens nie; daar is geen profeet meer nie, en by ons is daar niemand wat weet hoe lank nie' (Psalm 74:4,9).

en ongelooft so laat sterf – man, vrou, kind. Dit is so logies om só 'n kulturele, en ten diepste 'n godsdienstige oorlog te voer.

Hierdie geweld is nie aan die Weste opgedwing nie. Hierdie geweld is deur die post-moderne hermeneutiek, die post-moderne verstaan van die wêreld, veroorsaak. *Post-moderne hermeneutiek lei tot die dood.* So 'n stelling het ontsaglike groot implikasies. Is dit waar? Sou die kerk se voetjie-voetjie spelery met dié soort hermeneuse tot 'n moordklag lei?

Post-moderne hernemeuse sê:

- Daar is nie een waarheid of net een werklikheid nie.
- Daar is net meer of minder geldige uitsprake. Hierdie geldigheid word nie bepaal deur 'n eksterne waarheid nie, maar deur fleksie-demokratiese, sosiologiese historiese reëls.
- Woorde kan dus nie hulle eie betekenis hê nie. Dit beteken dat die Woord wat vlees geword het, wat in die begin daar was, wat die Eersgeborene van die skepping is (Kolossense 1 en Efesiërs 1), wat die Eersgeborene uit die dood is, wat die Hoof van alle dinge (óók die betekenis-uitdeler) is, ook dáárdie Woord het nie betekenis in Homself nie, behalwe wat ek natuurlik aan Hom toedig. Sy betekenis is nie in Homself geleë nie, maar in my interpretasie van Hom. Die werklikheid bestaan nie. My werklikheid, my Jesus, my geïnterpreerde Jesus, my woorde en simbole oor die (W)oord is al wat ek het. My verlossingswoord is nie afhanklik van die Woord wat in die begin was en vlees geword het en my red nie, maar my redding is presies net dit: my poging in my werklikheid om myself te oortuig, simbolies nogal, dat ek gerus maar kan sterf, want my geloof is nie meer of minder geldig as die sjaman s'n nie.
- Betekenis word aan woorde gegee of toegeken. Tekens dui aan wat iets vir my beteken. Simbole word belangriker as ooit. Dit definieer my identiteit. Dit is waarom bekende handelsname en sportspanne se klere en kleure deesdae so gewild is.

- Niemand se teken is verhewe bo 'n ander een s'n nie. Alles goed en reg – tot jy op 'n groep afkom, of die groep op jou af kom (soos Islam) wat die grondslae van jou teken-sisteem gewelddadig, nie net bevraagteken nie, maar ontken en vervang. Nou deel jy dieselfde ruimte vandat die aarde 'n globale dorpie geword het en die tyd met die internet onmiddellik geword het.
- Nou is hier (tyd en ruimte) 'n ander kulturele groep mense wat my tekens nie eens waar-deer of as waarde eer nie. Hulle kyk nie eers daarna nie. Hulle sê: wees soos ons of ons maak jou dood – hetsy kultureel, hetsy fisies. Ek bly stry oor die fundamentalistiese stelling. Ek verduidelik redelik stadig dat hulle (my) kan volg. 'n Mens sê nie so nie. Dit is lelik onlogies. Jy kan nie jou kultuur in my keel afdwing nie. Ek het die reg om anders te glo en te doen as jy. Dít is mos logies, nie waar nie? Hulle sê weer: dien ons alla(h)magtige god, of sterf. Nou skree ek: *Dit is nie hoe kulturele logika werk nie.* 'n Ontploffing volg. Nou moet ek my maar versit. Maar waarheen? Die post-moderne hermeneuse het gemaak dat privaat en publiek omruilbaar en uitruilbaar geword het. Binneklere het buite-klere geword. Ek kan nie die videosfeer⁶ se 'alom'verteenwoordigheid ontkom nie. Dan moet ek my teensit, vir demokrasie en reg en vryheid. Ek val hulle in die rede, dan val ek hulle later maar self aan ...
- Nie net buite die kultuurgroep kom hierdie moordverskynsel voor nie. Dit gaan ook interne spanning bring. Neem nou maar die popgroep met dáái onnoemlike naam. Wat maak jy as iemand anders jou dwing om 'n gebod te oortree net as jy oor of met hom wil praat. Dit is 'n kar(re)perd van 'n ander kleur. Met sy benoeming dwing hy jou om jou grense wat aanvaarbaar, wat geldig vir die huidige kultuur is, te skuif. Sonder konsultasie. Sonder afspraak of aanspraak op 'n basis-tekensisteem. Hulle

noem hulleself 'n naam wat in my kultuur 'n vloekwoord is.

Geen egte verskille

My basis, my vertrekpunt word geminag, en dit alles in die naam van post-moderne verstaanskuns. Post-modernisme stroop die mens van alle eiewaarde. Alles word in die een maaltje gegooi om te erken alles is eintlik maar dieselfde. Eintlik is daar geen verskil nie. My naam is jou vloek. En my vloek is jou naam. Alle onderskeid verval: dood en lewe, hemel en aarde, hemel en hel, mens en medemens, God en Satan, noem maar op. Of post-modern gesê: vloek maar voort.

Uiteindelik bring dit die mensdom dwingend tot die keuse: ek of die ander, ons of hulle. Of nog nader, binne die kulturele konflik: ek óf jy, ons óf julle. Juis omdat woorde – volgens afspraak – geen betekenis het nie, kan ek uiteindelik maar selfsugtig besluit ek dink myne is meer werd as joune. As dit vir my 'n dwangkeuse word tussen my en jou, kies ek nie vir jou nie. Aangesien ek geen ander meganisme het om te ontkom aan jou uitkalwing van my arbitrêre basis-sisteem nie kom ek gou op die gedagte om jou, en die ander en julle en hulle, permanent uit die same-lewing, wat 'n same-doding geword het, te verwyder.

Die sonde het sy eie logiese kanker. As ek net so min werd of net so veel werd is soos jy, as jou kultuur net so swaar of so lig weeg as myne, moet ek net sorg dat my kultuur dominant is. Ek kan dit doen deur geld, of wette, of getalle, of geweld. Maak nie saak nie. Ek verwyder jou uit my wêreldjie. As dit dan moet ook fisies, want wat jy moord noem, noem ek mos logies bevryding. Wat jy regstellende optrede noem, noem ek ontstellende uit-rede. Wie is reg? Wie het gewen en wie het verloor? Solank ek leef en jy ... ag wie gee nou eintlik om wat van jou word.

Woord primaat

Post-modernisme, die wortel-stelling dat woorde geen betekenis van hulle eie het nie, lei tot mensemoord. Dit is gebaseer op 'n leuen waarvan die Satan die vader is. Dit is nou op verskeie maniere gesê. Wat moet

⁶ As 'n mens Johan Rossouw se driedeling wil inspan.

ons gereformeerdes daarmee maak? Hoe moet ons optree? Wat moet ons sê?

Ten eerste moet alle kerklike eksegeese wat op hierdie taalteorie berus met wortel en tak uit die kerk uitgeroei word. Studente kan nie op 'n teologiese skool geleer word dat woorde nie betekenis het nie en dan nog by die belydenis probeer bly dat die Woord betekenis het nie. Om dit te probeer doen is teologies-skisofrenies.

Tweedens moet daar die besef kom dat, omdat die kerk reeds met hierdie post-moderne hermeneuse begin peuter en eksperimenteer het, dit onafwendbaar tot geweld gaan lei, waar die kerk nie die salige vredemakers gaan wees nie, maar die aanstigters en aanstekers van vreemde woedevure.

Hoe kan jy één nuwe mensdom in Christus preek, as jou eksegeese-apparaat jou toelaat, nee, dwing om van 'n geïnterpreteerde Christus te praat. Dié christus is 'n anti-chris, omdat die betekenis van dié christus uit jou verwarde en sondige hart, uit jou eie denkbeelde, uit jou eie sosio-historiese rede-nasies te voorskyn gekom het. Hier en daar lyk hierdie geïnterpreteerde christus nog soos die Woord, die *logos*, wat vlees geword het, maar dit is maar 'n vae ooreenkoms. Jy het hoegenaamd géén waar-de-sisteem om jou eie interpretasie te toets nie. Jou christus bly 'n kultuurprodukt, 'n maaksel van jou eie denke. Onthou die goue kalf. 'n Mens kán 'n afgod van God maak.

Hier is die gode wat jou uit Egipte gebring het. Die twee nature van Jesus Christus moet uiteindelik deur die post-moderne hermeneuse ontken word, aangesien dit nie, soos populêr verwag, op volslae relativisme uitloop nie. Die post-modernisme kan, ten spyte van al sy derduisende versekerings oor die teendeel, geen verskille, geen onderskeidings verdra nie.

As woorde nie betekenis het nie, moet ek die huidige een altyd uitkalf om na die ander betekenis op die volgende horison te soek. 'n Post-moderne christus kan nie twee nature hê nie, hy kan nie in die begin al gewees het nie, hy kan

nie die betekenis van alle dinge wees nie. Wat jy ookal oor jou geïnterpreteerde christus sê, jou sê-goed bly tydelike interpretasie wat jy aan daardie christus toesê.

Jou betekenis is nie meer bekentenis nie, want jou belydenis oor die primaat van die Woord is in gedrang. Jy verklaar nie. Jy skep die betekenis van jou goue godjie. Jy weeg die goud op 'n skaaltjie: geldig-minder geldig. Jy skaaf die oneffenhede af met jou vyl: aanvaarbaar-minder aanvaarbaar. Jy weet nie dat jy nie meer met Jesus – Christus van Nasaret – besig is nie. Hy is die Woord. Hy is die begin. Dit beteken dus ook Hý is die begin van betekenis. As *logos*, as Woord was Hy in die begin. Alle dinge wat ontstaan het, het deur hom ontstaan. Dinge kan slegs geken en verstaan en verklaar word as 'n mens Hóm ken. Omdat die Woord betekenis het, omdat Christus as *logos* God se logika, sy redelike handeling ver-dui-delik (eksegetiseer Hy dan nie die Vader – as Skepper dus ook – aan ons nie?) dáárom, en slegs daarom alléén het woorde betekenis. Toe God die diere na Adam toe gebring het om te sien hoe hy hulle sou noem – wat beteken dit anders dat onderskeidings met woorde, met woord-orde, met ordelike woorde, met logika, met logika rustend op die *logos*, aanduidings is van God se groot werke?

Redelike godsdiens

Dit is wat Paulus bedoel as hy sê dat ons 'n redelike godsdiens⁷ het. Die Griekse woord daarvoor is *logiké latreia* – ons logiese liturgie. Hierdie redelike godsdiens is nie rasionalisme nie, maar dat God van ons Gods-diens, ook kultureel omvattend, eis wat op sy Woord as *logos* rus. Kultuur is antwoord. Kultuur is ant-woord. Kultuur het tans anti-Woord geword. Die pynlikste daarvan is dat die kerk geblinddoek, gedweë daaraan meedoen.

Hoe weet ons Allah is nie god nie? Hoe weet ons om hom nie op dieselfde vlak as 'ons God' te plaas nie? Hoe weet ons 'n popgroep

mag God nie vloek in hulle naam nie? Wie het ons dit eerste gesê? Die Woord. Die Woord was in die begin. Die Woord, Hy, Jesus Christus, die Seun van die Skepper, is die begin: óók van woorde, van woordbetekenis, van woord-orde. Ons logiese, ons redelike godsdiens is om aan God te laat blyk dat ons sy Woord gehoor het; dat ons die resonansie van sy klank in ons siel ervaar. Sy praat kom eerste. Bly maar by NGB artikel 2: eers in die skepping en daarna eers in die Skrif. Moenie dit omruil nie, moenie dit verwar nie, moenie dit vermeerder nie. Anders is jou geïnterpreteerde christus nie meer die vleesgeworde Seun van die Skepper, jou Vader nie.

Bekering noodsaaklik

Kom tot bekering in jou taal-teorie; jy gaan die kerk verwoes. Jy gaan mense tot moordenaars katekiseer as jy vir hulle sê woorde het nie betekenis nie, maar dat betekenis woorde kry. In die begin was die WOORD, die *logos*. Studente, professore, predikante, ouderlinge, diakens, lidmate, kinders, heidenkinders – hoor die Woord: die Woord was eerste. Hy verklaar homself aan jou. Ja, dit is juis genade dat Hy dit regkry deur die sonde en die dood heen. As jy Hom moet gaan interpreteer is jy opgeskryf vir die hel, want jy is met afgodery besig. Bekeer jou en lewe. Keer die teologie om en laat die lewe weer terugkeer na die kuddes.

Logiese kultuur

Derdens moet ons 'n nuwe kultuurstryd begin – elkeen in sy eie kultuurgemeenskap, maar ook ekumenies as die nuwe mensdom wat in Christus vrygekoop is. Daar is nie baie kulture nie. Daar is maar twee: óf gehoorsaam agter Christus, wat in die begin daar was en nou nog vir altyd en ewig daar is, óf ongehoorsaam weg van Hom af, teenwerkend teenoor die Christus, saamwerkend met die anti-chris, solank as wat jy Husserl, Heidegger, Derrida, Wittgenstein, en al die ander kleiner benedeledes volg sonder dat jy weet wat jy sê. Wie het vir jou gesê woorde het nie betekenis nie? God? Waar? Hoe? As die Woord in die begin was

7 Romeine 12:1

het die Woord praat: b6 alles – ook jou mank taaltheoretjie wat so wetenskaplik klink, maar die klank van die satanstem in sy DNS het, en die doodstreuk met hom saamdra. Ons moet dringend weer aan 'n christelike logika werk – ook in die taaltheorie.

As jou buurman weer 'n bok slag, vertel hom van die geslagte Lam, die Woord wat eerste was, voordat sy voorvader vir hom gesê het hulle is honger en moet gepaai word. Moenie hom probeer oortuig met

allerlei *kulturele logiese* argumentjies nie. Julle gaan mekaar net aan die keel gryp. Redeneer vanuit 'n *logiese kultuur* waar die Woord die praat dra – waar openbaring nog opgeneem word vir presies dit: dat God jou sê wat jy nie geweet het nie. Ook dat woorde betekenis het omdat sy Seun, as Hoof van die Skepping en as Hoof van die kerk, dié Woord is, wat in die begin al daar was.

Redeneer vanuit 'n *logiese kultuur* van 'n almagtige en genadige God

wat Homself aan jou kan openbaar. Begin weer 'n *redelike godsdiens* in die wetenskap en teologie. Bely dat die Woord eerste is. Bely dat Jesus Christus die alfa en die omega (die begin en die einde) van alle dinge (dan seker ook van die alfabet) is. Begin oor. Bekeer jou van jou taaltheorie. Anders, sê Christus, kom Hy gou en sal die kandelaars verwyder. Die profete, wat nog oproep tot 'n kulturele antwoord op die Woord, dié se stemme sal vermoordend stil word.

Studiebiblioteek

Die Stigting vir Gereformeerde Literatuur (SGL) – 'n onderafdeling van die Vereniging vir Gereformeerde Lewenswandel (VGL) – is die eienaar van 'n studiebiblioteek met meer as 7 000 boeke. Die boeke, wat hoofsaaklik teologies van aard is, word tans op netjiese rakke in die konsistorie van die Gereformeerde Kerk Die Kandelaar gehuisves.

Heelwat van die boeke is uit die biblioteek van die ou Hammanskraalse Teologiese Skool aangekoop. Daar het intussen 'n aansienlike getal kosbare geskrifte bygekome van predikante wat hulle

boekery verminder het asook van predikante wat gesterf het en hulle boekversameling aan die SGL bemaak het.

Die grootste taak op hierdie stadium is om die boeke volgens die internasionaal erkende Dewey Desimale Klassifikasiesistelsel te nommer sodat dit toeganklik vir gebruik kan wees. Br Enne Nieuwenhuis het reeds 'n reusetaak in dié verband verrig. Daarvoor is die SGL hom baie dankbaar.

Bo en behalwe die klassifisering van die boeke, word elke boek op 'n databasis ingevoer, sodat enige leser via 'n rekenaar-soektoeg kan bepaal

of 'n betrokke boek in die biblioteek opgeneem is.

Die doel van die biblioteek is om hoë standaard teologiese werke aan soveel as moontlik mense in en om Pretoria beskikbaar te stel. Predikante, Bybelstudente, lede van Bybelstudiegroepe en enige ander belangstellende sal hopenlik baie baat hierby vind.

Uiteraard is dit nodig om ook nuwe materiaal aan te koop. Vir dié doel word fondse benodig. Indien u bydraes vir die biblioteek wil maak, kan u dr Stephanus van der Walt (012 567 2709 of hswalt@netactive.co.za) kontak.

Koninkryk

GM Spyker, Australië

Free Reformed Churches of Australia – FRCA (2)

In ons vorige artikel, gepubliseer in *Waarheid en Dwaling* Desember 2006, het ons beloof om meer inligting te verskaf aangaande ons kerke.

Kom ons begin deur onself aan u bekend te stel. Wie is 'ons'? Jan de Jager en Coen van Dijk is afkomstig van Waverley, Pretoria. Fanie van der Linde is van Nelspruit en Geert Spyker is oorspronklik van Nederland, maar is al vir die afgelope 35 jaar in Australië woonagtig. Ons is almal lede van

die *Free Reformed Church in Mount Nasura* in die suid-oostelike gedeelte van Perth. Ons het dit op onself geneem om ons kerke in Australië aan die gemeentede van die GKSA bekend te stel en in die besonder te fokus op diegene wat van plan is om na Australië te verhuis.

Die FRCA se oorsprong is van die Gereformeerde Kerke (Vrijgemaakt) in Nederland, wat hulle gedistansieer het van die besluite wat tydens die sinodesitting van die Gereformeerde

Kerk in die vroeë 1940's geneem is. Na afloop van die vernietigende Tweede Wêreldoorlog het baie Nederlanders na plekke soos Kanada, Suid-Afrika en Australië geëmigreer. In Australië kon hulle slegs kerke met 'n Engelse agtergrond vind, soos die Anglikaanse, Metodiste en Presbiteriaanse kerke. Hulle kon as gevolg van die leerstelling nie by hierdie gemeentes aansluit nie, en het toe besluit om die FRCA te stig. Ons Hemelse Vader het die drie oorspronklike gemeentes,

naamlik Armadale en Albany in Wes-Australië, en Launceston in Tasmanië ryklik geseën. Daar is huidig 12 gemeentes wat uit ongeveer 4 000 lidmate bestaan.

Kom ons kyk van naderby wat die kerklewe in die FRCA behels. Dit is gebaseer op God se onfeilbare Woord wat so mooi in die drie Formuliere van Eenheid uiteengesit is. Dit is die gewoonte van lidmate om tuis as familie saam Bybel te lees en sodoende hulle siele te versterk met die Brood van die Lewe. Daar word ook Bybelstudie gedoen en die Woord word elke Sondag in al die gemeentes twee maal verkondig.

Tydens die oggenddiens sing ons, onder begeleiding van 'n orrel, Psalms en/of Skrifberymings. Daar is 150 Psalms en 65 Skrifberymings in die Psalm- en Skrifberymingboek. Daar word gebid en die Tien Gebooue word voorgelê – wat steeds vir vandag aktueel is. Daarna word uit die Bybel gelees en na die preek geluister, wat deur 'n predikant voorgelê word. Tydens 'n leesdiens word 'n preek wat deur 'n predikant opgestel is, deur 'n ouderling voorgelê. Die Skrifgedeelte wat tydens die erediens gelees word kom uit die Ou of Nuwe Testament en kan 'n gedeelte wees van 'n reeks preke uit 'n spesifieke Bybelboek. Die erediens in die middag is soortgelyk, behalwe dat die Apostoliese Geloofsbelofenis gelees word. Die kern van die preek bestaan uit 'n Sondag van die Heidelbergse Kategismus. Op die oomblik is een van die gemeentes sonder 'n predikant. Dit is duidelik merkbaar dat daar weinig verskil is tussen die eredienste van die FRCA en die GKSA.

Daar bestaan drie ampte in ons kerke: predikant – wat in werklikheid 'n ouderling is met 'n baie spesiale onderrigtaak – ouderlinge en diakens. Die kwessie oor vroulike ampsdraers, wat vandag alreeds in baie kerke posgevat het, bestaan nie in die FRCA nie. Ons susters het die wonderlike taak as moeders in die familie en is ook in die posisie om met liefde na die behoeftiges in die gemeente om te sien. Verder bestaan daar die geleentheid om vrywillige werk in van die kerk se instansies te doen. Dit is dus slegs die broeders in die gemeentes wat vir die verskillende besondere

amp te beroepbaar gestel word.

Die ouderling se taak – sien die formulier vir die bevestiging van ouderlinge en diakens – is om toesig te hou oor die gemeentelede in Jesus Christus, in elke spesifieke gemeente. Daar word gereeld huisbesoek deur twee ouderlinge gedoen, waartydens die gesin se lewe tot diens van God, hulle verhouding met God en die manier waarop dit uitgebeeld word, bespreek word. Soms word die ouderling tydens so 'n huisbesoek deur die predikant vergesel, sodat hy ook op hierdie wyse kontak kan maak met elke gemeentelid en homself persoonlik kan vergewis van wat in die gemeente aan die gang is. Die diaken se taak is om gemeentelede te besoek, nood te identifiseer (finansiële of fisies), en dan hulp te verleen waar nodig. Die ouderlinge vergader gereeld saam met die diakens, asook afsonderlik. Die algemene kerklike lewe volg die riglyne soos uiteengesit in die Kerkorde, wat vir spesifieke redes effens aangepas is vir die omstandighede in Australië.

Ons kinders word in een van die kerk se eie skole onderrig, vanaf voorskool tot en met 12 jaar. Die ouers kry dus die geleentheid om hulle doopbelofte na te kom, waarin hulle belofte het om hulle kinders te onderrig en te laat onderrig in die ware en volkome leer van die saligheid. Daar sal DV meer inligting aangaande ons skool se sisteem in 'n volgende artikel gepubliseer word. Die predikant gee kategetiese onderrig aan die jongmense vanaf 'n 12-jarige ouderdom. Die doel is om deur die Drie Formuliere van Eenheid te werk alvorens hulle belydenis van geloof kan aflê, sodat hulle toegang tot die Heilige Nagmaal kan kry. Die jongmense is ook op 'n weeklikse basis by Bybelstudies betrokke, waartydens 'n hoofstuk uit die Bybel of 'n gebeurtenis uit die kerkgeskiedenis bespreek word. Die ouderdomsgroep 12 tot 15 jaar, het 'n leier – seun of dogter – terwyl die ouderdomsgroep van 16 jaar en ouer 'n paar lede verkies, wat om die beurt die vergadering lei.

Die volwassenes het hulle eie Bybelstudiegroepe in elke gemeente.

Hulle vergader een maal elke tweede week. Hierdie byeenkomste dra by tot beter insig in die rykdom van God se Woord, skep die geleentheid om opinies, gegrond op die Bybelse waarheid te stel en dit versterk ook die geloofseenheid onder die gemeentelede. Soms word daar gekombineerde vergaderings gehou, veral aan die begin van 'n Bybelstudiejaar – gewoonlik vroeg in Februarie.

Elke tweede week publiseer die kerke in die Perth-area 'n *District Church Bulletin* wat inligting bevat oor die eredienste en die gebeurtenisse in die verskillende gemeentes. Die twee gemeentes in Albany en die twee in Tasmanië het elk hulle eie *Church Bulletin*. Die meeste gemeentes publiseer ook Sondag sy eie liturgieblad, waar behalwe vir die lys van Psalms, Skrifberymings en Skrifgedeeltes, ook ekstra inligting van die kerkraad met die gemeentelede gedeel word. Die FRCA het verder 'n twee-weeklikse kerkblad, naamlik *Una Sancta* wat artikels oor algemene geloofsake en kerklewe bevat. Sommige van die artikels is beskikbaar op die internet, maar 'n webtuiste is nog nie beskikbaar nie. Die FRCA het wel 'n webtuiste: <http://frca.org.au>.

As komitee het ons onlangs vergader na aanleiding van 'n e-pos wat ons van 'n gesin uit die GKSA ontvang het. Hulle beplan om hulle in Melbourne te vestig. Ons hoop om met die gesin kontak te hou, alhoewel hulle meer as 3 000 km weg sal wees. Ons bede is dat hulle binnekort die geleentheid sal kry om na Perth te kan verhuis, om sodoende naby aan ons kerk, skool en dus die gemeenskap van die heiliges te kan wees. Ons wil graag hiermee ook elkeen wat beplan om na Australië te emigreer, adviseer om hulle so naby as moontlik aan een van die FRCA kerke in Perth, Albany of Tasmanië te vestig. In Wes-Australië in die besonder is daar tans baie werkgeleenthede. Ons is as komitee bereid om te help en verdere inligting te verskaf in die verband.

Ons e-pos-kontakadres is gmspyker@inet.net.au.

U broeders in Christus,

Geert Spyker, Jan de Jager, Fanie van der Linde & Coen van Dijk

Nog 'n sakkie aartappels

In die vorige Persskou is dr Chris Saayman se kommentaar op die film 'Faith like potatoes' deurgegee. In 'n enkele slotsin is genoem dat met dr Saayman se kommentaar ten volle ingestem en volstaan kan word. 'n Leser het na aanleiding van die kommentaar en die volle instemming enkele opmerkings gemaak wat nie ongesiens verby mag gaan nie.

Oor die inhoud van die rolprent skryf dr Saayman:

Angus Buchman ... staan bekend as 'n "man van geloof". Onder andere bid hy vir 'n vrou wat deur weerlig doodgeslaan is en sy word uit die dood opgewek. Die geseënde verhouding tussen Angus en sy swart

naaste, wat die gevolg is van sy geloof in Christus, dra 'n kragtige en hoopvolle boodskap uit. Droogte tref egter die gebied en niemand kan aartappels plant nie. Angus besluit egter om in die geloof te waag en te plant. Dwarsdeur die tydperk wat die aartappels moes groei bly die reën weg, maar toe dit oestyd word, oes Angus pragtige aartappels – 'n wonder van Bo!

In sy kommentaar op die film waarsku dr Saayman dat Gereformeerde gelowiges wat na die rolprent kyk fyn moet let op die teologiese beklemtonings, wat afwyk van die wyse waarop die Skrif en gereformeerde belydenis die evangelie aan die orde stel. Hy waarsku met name teen Arminiaanse en Metodistiese ondertone wat in die rolprent – en die boek waarop die prent gebaseer is – 'n wesenlike rol speel. Die slotsom waartoe dr Saayman kom, is: *Die fokus word dus baie duidelik verskuif wég van Christus se verlossingswerk ná die menslike aktiwiteit wat die éintlike verlossing bewerkstellig ... Die gelóóf is die krag wat alles vermag. By die Skrif se fokus op God se genadige belofte wat alles vermag, en wat dankbaar geglo mag word, gaan die rolprent tragies verby. Dat die geloof – volgens die Bybel, leeg en bankrot is, word verswyg.*

Dr Saayman kom tot 'n verdere slotsom: *Indien die kyker waaksaam is vir hierdie onbybelse beklemtoning, kan die flik egter tog sinvol geniet word en kan die eer aan die Hére gegee word vir die wonders wat Hy in en deur Angus Buchman gedoen het.*

Oor laasgenoemde stel die leser die vraag of dit as 'n gekontroleerde feit aanvaar kan word dat 'n vrou wat deur die weerlig doodgeslaan is weer uit die dood opgewek word en dat daar 'n pragtige aartappel-oes kan wees as daar geen druppel reën geval het nie. Dit is 'n belangrike vraag. Die Skrif leer ons immers dat diegene wat in geloof

sterf dadelik in hemelse heerlijkheid opgeneem word (vergelyk Sondag 22 HK met sy Skrifverwysings). Die Skrif leer ons ook dat God 'n volop oes skenk deur volop reën te gee (Psalm 65:10; Psalm 104:13,14). Hoe rym dit wat as feite in die film aangedien word met hierdie Skrifgegewens?

Geen gelowige sal en wil die almag van God in die minste ontken nie. God kan 'n mens wat deur weerlig doodgeslaan is, uit die dood opwek. Hy kan onder enige omstandighede 'n oervloedige aartappel-oes bewerk. Hy kan van klippe brode maak. Die vraag is: doen God dit so? Wat God kan en wat God doen is nie een en dieselfde nie.

In ag genome die Arminiaanse en Metodistiese trekke wat volgens dr Saayman soos 'n goue draad deur die film loop, moet daar inderdaad baie versigtig met hierdie soort van feitestellings omgegaan word. Dit is goed dat daar, bo en behalwe die kommentaar wat deur dr Saayman gegee is, 'n voetnoot bykom: moenie sommer iets as feit aanvaar wat hom as feit aandien nie. Oor die saak van wonderwerke sal daar in die lig van die Skrif verdere deeglike studie gedoen moet word.

VERENIGING VIR GEREFORMEERDE LEWENSWANDEL

Redaksie: *Waarheid en Dwaling*
Dr GJ Meijer
Ds HLJ Momberg
Dr HS van der Walt
Mev J de Wind
Posbus 31712, Totiusdal, 0134
Tel 012 332 4676
e-pos: gerardjmeijer@gmail.com
jokedewind@gmail.com

Webbladsy: <http://www.vgl.co.za>

Administrasie-adres:
Mev Hanneke Das
Waarheid en Dwaling
Posbus 31712, Totiusdal, 0134
Tel 012 331 4733 (na 14:00)
e-pos: jdirkdas@absamail.co.za
Faks 012 335 9135

Intekengeld:
R140 per jaar en addisionele bydraes kan inbetaal word by:
Waarheid en Dwaling
Spaarrekening 9054701904
ABSA, Waverley, Pretoria

Tegniese versorging:
Printburo
Posbus 25316
Gezina, 0031

Van die Redaksie

Die webtuiste van die VGL het aan die begin van 2007 van diensverskaffer verander. Die nuwe webadres is www.vglonline.net. Daarmee saam het die webtuiste 'n nuwe voorkoms gekry. Indien u op die ou web-adres inskakel gaan dit na 10 sekondes outomaties na die nuwe webtuiste oor. Die ou web-adres sal nog tot Junie 2007 in werking wees.